

Sing vooraf staande: Psalm 89:11 (p. 446)

- 11 Hy sal dit uitroep: HEER, U is my Vader trou, / my God, my Rots van heil waar ek alleen op bou.
Hy is vir My 'n seun tot hoogste rang gebore, / wat Ek tot koning van die konings het verkore.
Vir hom bly my verbond vir altyd vas en stewig, / my goedertierenheid bewys Ek hom vir ewig.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 81:1, 12 (p. 411)

- 1 Laat ons nou die HEER / wat sy volk verbly het / deur sy sterkte, eer!
Hom, die grote God, / wat weer feesgenot / vir sy volk berei het.
- 12 Open julle mond, / eis van My vrymoedig / op my trouverbond:
al wat jul ontbreek, / skenk Ek as jul smeek / mild'lik en oorvloedig.

Gebed

Skrifberyming 8-1:1, 2 (14:1, 2)

- 1 "Water sal ek op hul sprinkel, / water uit 'n springfontein".
En van alle onreinighede / was die HEER sy volk dan rein.
"Nuwe harte gee 'k aan julle, / en Ek gee 'n nuwe gees;
'k sal die hart van klip verwyder, / aan jul gee 'n hart van vlees.
- 2 "'k gee my Heil'ge Gees aan julle, / wat die krag verleen en trou
om te wandel in my weë / en my wet te onderhou.
En jul sal die land van seën / deur my seën weer verkry
waar 'k 'n God sal wees vir julle, / jul 'n volk sal wees vir My."

Skriflesing: Genesis 17:1-14; Handeling 2:37-40; Markus 10:13-16; Kolosense 2:1-12

Teks: Handeling 2:37, 38; Kategismus Sondag 27

Toe hulle dit hoor, is hulle diep in die hart getref en het vir Petrus en die ander apostels gesê: Wat moet ons doen, broeders? En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. (Handeling 2:37, 38 AFR53)

Wanneer mens oor beginselsake praat, moet die Bybel die deurslag gee.

- Ons moet ook nooit in beginselsake die Bybel laat buiksprek nie.
- Die Bybel moet altyd die saak stel, en dan moet ons die feit daarvan aanvaar, sonder om ons daarteen te verset, of om dit te verdraai.

1. In hierdie lig kyk ons na die rol wat die water in die doop speel.

Die water simboliseer die bloed en die Gees van die Here Jesus Christus.

- Daarom het die Roomse kerk baie jare gelede al begin oordeel dat die doop onmisbaar is vir die saligheid.
- Hulle het verkeerdelik geleer dat iemand wat nie gedoop is nie, nie in die hemel kan kom nie omdat 'n belangrike element vir sy saligheid ontbreek.

Die dwaling wat ons hier het, bestaan daarin dat hulle aan die water, wat eers deur hulle geheilig word, "toorkrag" toeken.

- Daarom glo hulle dat die water dan die sonde van die mens wegneem, en die genade oor hom aanbring.
- Dit is natuurlik nie waar nie – die Here Jesus Christus alleen maak ons salig.
- Die doop is nie saligmakend nie, want as dit saligmakend is, vervang dit die Here Jesus Christus.

Die verwarring wat op hierdie punt aan die gang is, is dat die teken – dis die water – met die betekende saak (teken van verlossing deur die bloed en Gees van Jesus Christus) deurmekaargemaak word.

Dit is dieselfde soos wanneer jy 'n werksman met sy gereedskap verwar.

Dit is waarom die Reformatore deeglik op hierdie saak ingegaan het, en die bevindinge uit die Bybel in vraag 72 van die Kategismus neergeskryf het.

- Die doop was geen sondes af nie.
- Net die bloed van die Here Jesus Christus, en die Heilige Gees kan dit doen.

Die feit is dat nêrens in die Bybel aan die doopwater enige krag toegeken word nie.

- Net soos die bloed van die bokke en bulle in die Ou-Testamentiese offers hoegenaamd geen sondes kon wegneem nie, net so min kan die doopwater dit doen.
- Maar die bloed van die offers het almal gewys na die bloed van die Here Jesus Christus – net so wys die water na sy bloed en na die reiniging wat daaruit voortkom.

Die saak is duidelik: net God alleen kan sondes wegneem.

Daarom word die doop oorskat as mens te veel waarde aan die seremonie heg.

- Dis nie waar dat die doop betrekking het daarop of die dopeling oud of jonk is, en of hy ondergedompel of besprenkel word nie.
- Die waarde van die doop is geleë in die verdienste van die Here Jesus Christus.

2. Kom ons gaan kyk in die tweede plek na die versekering wat die Here gee.

Let op die volgende twee Bybelgedeeltes:

Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word. (Markus 16:16 AFR53)

... want julle almal wat in Christus gedoop is, het julle met Christus bekleed.
(Galasiërs 3:27 AFR53)

Die Here verseker hier redding en verlossing.

- Maar dit gaan nie oor 'n uitwendige saak nie; dit gaan oor 'n inwendige saak – dit is ook waarop die woorde – *met Christus bekleed* – sien.
- God belowe iets, en ons moet dit wat die belofte bevat, aanneem.
- Kom ons noem dit anders: Ons moet glo.

Maar nou moet ons oppas. Dit gaan beslis nie oor 'n beslissing wat die sondaar maak nie! Daar staan in Titus 3:5 die volgende geskryf:

... nie op grond van die werke van geregtigheid wat ons gedoen het nie, maar na sy barmhartigheid het Hy ons gered deur die bad van die wedergeboorte en die vernuwing deur die Heilige Gees. (Titus 3:5 AFR53)

Hier word van die doop gepraat (dis ook waar die Heidelbergse Kategismus die vraag vandaan kry).

- Let op dat in hierdie gedeelte niks staan van wat die dopeling doen nie.
- Hier word net vermeld wat God alles doen.
- Hier word duidelik gesê dat die mens niks doen nie.

Hier word 'n goddelike bewys aan die sondaar gegee dat dit nie die water is wat saak maak nie maar wel die inwendige werking van die bloed en Gees van Jesus Christus. Met nadruk: nie op wat die mens doen, val die klem nie, maar op wat God doen.

As ons moes staatmaak op die mens se oortuiging, sou ons geen mens doop nie.

- Geen mens kan seker wees dat 'n ander mens nie huigel wanneer hy belydenis van sy geloof doen nie.
- Net God alleen ken die harte van mense.

Die Here verhoed juis hierdie saak, en daarom verskuif Hy die klem weg van die sondaar af na Hom toe, en na wat Hy doen tot ons verlossing.

- God werk genade.
- Hy verseker dit deur die doop.
- Die doop is bloot die teken daarvan.

3. Kom ons kyk in die derde plek na die genadeverbond.

As jy die kinderdoop minag of verwerp, lê jy die nadruk verkeerd. Dan gaan dit nie oor die liefde van God nie, maar oor die *bekwaamheid* van die mens.

In Genesis 17 stel God sy genadeverbond met Abraham in. 'n Paar belangrike dinge word deur die Here gesê:

- Abraham en sy nageslag moet die verbond onderhou.
- Die teken van die verbond is die besnydenis.
- Die teken van die verbond moet op die agste dag onderhou word.

Dadelik val dit mens op dat dit nie oor volwassenes gaan nie, maar oor kinders, want die verbond word van geslag tot geslag deur God gedra, en nie deur mense nie.

Dis ook waar Kolossense 2:11 en 12 inpas wat leer dat die besnydenis en die doop dieselfde inhoud het.

- Albei is verbonde van genade.
- Die doop is net 'n vervulling van die besnydenis.

Albei die handeling is uitwendig, maar albei verseker van die inwendige genade wat:

- God beloof het,
- en toe bewerk het, en
- aan ons toegeken het.

Daarom is dit voor die hand liggend dat, omdat die besnydenis op die agste dag moes plaasvind, die doop ook op die agste dag bedien moet word.

- Dis waarom ons die doop bedien sodra die moeder in staat is om saam met haar man voor God te verskyn om die doopbelofte af te lê.

Die gelowiges moet altyd onthou dat die doop ook die uitverkiesing raak.

- God verkies nie net grootmense nie.
- Hy verkies mense nog voordat hulle gebore is – selfs voor die skepping van die hemel en die aarde.

Die Here het byvoorbeeld vir Jeremia gesê:

Voordat Ek jou in die moederskoot gevorm het, het Ek jou geken; en voordat jy uit die liggaam voortgekom het, het Ek jou geheilig; Ek het jou tot 'n profeet vir die nasies gemaak. (Jeremia 1:5 AFR53)

Kom ons som alles op:

- 'n Sakrament is 'n heilige, sigbare teken en seël.
- God het dit self ingestel.
- Die doel daarvan is dat ons die evangelie beter moet verstaan.

Ons word almal in sonde ontvang en gebore, en daarom het ons ook geestelike gebreke: Ons insig skiet tekort – almal s'n, klein en groot. Ons word ook in die Here Jesus Christus verlos – klein en groot.

- Laat ons daarom aan die sakramente die erkenning verleen dat hulle slegs dien om ons hieraan te herinner sodat ons dit beter kan verstaan.
- Laat ons ook erken dat die sakramente heilig is omdat God hulle ingestel het.
- Laat ons dan dadelik onthou dat dit God is wat sondes vergewe, sonder dat 'n mens iets verdien in hierdie saak.

Kom ons luister saam na wat ons belydenis van al hierdie dinge sê in die Heidelbergse Kategismus Sondag 27:

Vraag 72: Is die uitwendige, waterbad self dan die afwassing van die sonde?

Antwoord: Nee (a), want alleen die bloed van Jesus Christus en die Heilige Gees reinig ons van alle sondes (b).

(a) Matt 3:11; 1 Pet 3:21; Ef 5:26. (b) 1 Joh 1:7; 1 Kor 6:11.

Vraag 73: Waarom noem die Heilige Gees die doop dan die bad van die wedergeboorte en die afwassing van die sondes?

Antwoord: God sê dit nie sonder gewigtige rede nie. Hy wil ons naamlik daarmee leer dat die bloed en Gees van Christus ons sondes so wegneem soos die water die vuilheid van die liggaam wegneem. Verder wil Hy ons veral deur hierdie Goddelike waarborg en teken verseker dat ons net so werklik geestelik van ons sondes gewas is as wat ons liggaam uitwendig met water gewas word.

Vraag 74: Moet die jong kinders ook gedoop word?

Antwoord: Ja, aangesien hulle net soos die volwassenes in die verbond van God en sy gemeente ingesluit is (a). Ook aan hulle word nie minder as aan die volwassenes deur die bloed van Christus die verlossing van die sondes (b) en die Heilige Gees wat die geloof werk (c), beloof nie. Daarom moet hulle ook deur die doop as teken van die verbond in die Christelike kerk ingelyf en van die kinders van die ongelowiges onderskei word (d). So is dit in die Ou Verbond deur die besnydenis gedoen (e) in die plek waarvan die nuwe Verbond die doop ingestel is (f).

(a) Gen 17:7. (b) Matt 19:14. (c) Luk 1:15; Ps 22:11; Jes 44:1-3; Hand 2:39. (d) Hand 10:47.

(e) Gen 17:14. (f) Kol 2:11-13.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 84:2 (p. 424)

2 Die mossie vind 'n huis, o HEER, / die swaeltjies lê in nessies neer;
en ek vind rus by u altare, / waar U vir my 'n woning maak
en U, my Koning, my bewaak. / Gedugte HEER der leërskaare,
welsalig wie in u paleis / U altyddeur mag loof en prys!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Hulpdienspredikant
Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: 13 Oktober 2013